# Psalm 23 – Net soos ’n herder

```
              A             E
1.      Net soos ‘n herder uittrek met sy skape

            A        E     A              B     E
        en hul laat neerlê in die veld van milde groen,

             A              E
        met sagte hand hul lei langs stille waters,

            A    E       A               B     E
        so is Jahweh, so het Hy ook aan my gedoen.

            A              D              E
        Hy laaf my siel en lei my swakke skrede

            A               D         E  A
        in vaste spoor van Sy geregtighede.


            A            D               E A
2.      En is ek soos ‘n skaap in doodsgevare,

             A      E    A              B       E
        wat in die velde as ‘n prooi van wolwe gaan,

             A              E
        en moet ek in die doodsdal, diep en donker,

              A   E      A              B         E
        van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –

              A               D                 E
        dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking,

            A               D           E    A
        omdat U staf my troos is en verkwikking.


           A                D         E   A
3.      U bring vir my die tafel in gereedheid,

             A         E   A              B       E
        my hoof druip olie en my beker vloei van wyn.

            A                  E
        ‘n Bron van goedheid stroom vir my gedurig;

            A    E       A             B    E
        dit is my gees ’n vreug, my vyande ’n pyn;

            A               D           E       A               D          E  A
        dit kroon my lewe met U welbehae;  en in U huis, daar bly ek al my dae.
```